**<u>12 April 2026</u>**

**<u>Oggend diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 89:1,6; Ps. 89:7; Ps. 42:1,5; Ps. 135:1,11; Ps. 2:1,6.

**<u>Lees:</u>** Matt. 11:1-19

**<u>Teks:</u>** Matt. 11:19c

**<u>Tema:</u> Die wysheid Christus bepaal ons verwagtinge.**

***Die vraag na Christus***

Johannes die Doper was 'n begenadigde mens met 'n spesifieke roeping. Hy moes in die volheid van die tyd die weg berei vir die Christus wat aan't kom is in die wêreld. Terwyl hy in die gevangenis was stuur hy twee van sy dissipels na Christus toe om te verneem of hy werklik die Messias is. Die vertwyfeling wat Johannes ervaar spruit uit die feit dat dit lyk of Jesus nie eintlik die een is wat die juk van die volk se vyande gaan afgooi nie. Dit wil voorkom of Jesus nie die Messias is wat die volk verwag het nie.

***Die verwagting van Christus***

Johannes se vertwyfeling oor Christus openbaar verder dat Christus nie aan die verwagtinge van die volk voldoen het nie. Hy vergelyk hulle met die kindertjies wat op die markplein speel, maar wat ontevrede is met die spel wat die ander speel. Die spel het hulle nie tevrede gestel nie. Die volk het aan die begin agter Johannes aangeloop om gedoop te word, maar hom gou vergeet. In die hede ag hulle ook nie verkondiging van Christus nie. Die hartseer gevolg is dat hulle nie die boodskap van die koninkryk hoor nie, omdat dit nie aan hulle verwagting voldoen nie.

***Die regverdiging deur Christus***

Die vertwyfeling en die ontevredenheid met die raad van Christus getuig van die mense se eie dwaasheid en onbegrip. Indien hulle ware wysheid sou hê, sou hulle nie net die werk van Christus erken nie, maar hulle ook bekeer. Dan sou hulle die vrug van wysheid in hulle eie lewe sigbaar gemaak het en Jesus nagevolg het. Wanneer ons teleurgestel word in ons verwagtinge moet ons ook ons verwagtinge in die lig van die evangelie ondersoek.